

Hoofstuk van die dag: Spreuke 28

> *Wie op homself vertrou, is ‘n dwaas; wie hom deur wysheid laat lei, is veilig. (vers 26)*

Liewe Jemen
Wens my geluk! Ek het gister oupa geword. Maäka het ’n fris

seuntjie. Rehabeam sê hulle gaan hom Abia noem.
Aan die een kant wil my hart bars van die trots en dankbaarheid, maar aan die ander kant wil ek my hart vashou oor dié kleinding. Rehabeam en Maäka is nog so onervare, en self eintlik bedorwe brokkies, albei van hulle. Sal hulle ooit die kind reg grootmaak? Want ander, baie vromer ouers as hulle twee het klaaglik misluk in die opvoeding van hulle kinders.
Jy weet, kinders is net soos hulle ouers, net erger. En hier moet ek my eie kop ook in skaamte laat sak. Ek het nie vir Rehabeam ’n goeie voorbeeld gestel wat die godsdiens betref nie. Ek pamperlang my vrouens te veel en laat hulle toe om hulle eie gode te aanbid. En nou, is ek bevrees, het Rehabeam ook geen probleem met vreemde gode nie. Sy eie ma, Naäma, aanbid dan die Ammonitiese god Molek.
Toe ek my vrouens toegelaat het om hulle eie gode te bly dien, het ek nooit gedink aan wat ek daarmee vir my kinders geleer het nie. Of dink jy ek is dalk nou ’n bietjie stief met myself?
Ai, kyk nou net waar het ek nou uitgekom, en dit terwyl ek maar net wou vertel dat ek oupa geword het. Dit lyk my ek word nou oud.
Bid asseblief vir my kinders, en vir klein Abia.
Jou oupa-vriend Salomo

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my

- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026